

Skriflesing: Mattheus 27:32-45Teks: **Mattheus 27:35-36**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 109:1,10****TYDENS EREDIENS: Ps. 22:1; Ps. 69:1,9; Ps. 40:1,4****Mattheus 27:32-56**

Mat 27:32 En toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Ciréne, met die naam van Simon; hom het hulle gedwing om sy kruis te dra.

Mat 27:33 En hulle het gekom op 'n plek wat Gólgota genoem word—dit beteken: Plek van die Hoofskedel—

Mat 27:34 en vir Hom asyn, met gal gemeng, gegee om te drink; en toe Hy dit proe, wou Hy nie drink nie.

Mat 27:35 En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp, sodat vervul sou word wat deur die profeet gespreek is: Hulle het my klere onder mekaar verdeel en oor my gewaad die lot gewerp.

Mat 27:36 En hulle het gaan sit en Hom daar bewaak.

Mat 27:37 En bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE.

Mat 27:38 Toe word daar saam met Hom twee rowers gekruisig, een aan die regter— en een aan die linkerkant.

Mat 27:39 En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud

Mat 27:40 en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! As U die Seun van God is, kom af van die kruis!

Mat 27:41 En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê:

Mat 27:42 Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy die Koning van Israel is, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo.

Mat 27:43 Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God.

Mat 27:44 En op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig was, Hom ook beledig.

Mat 27:45 En van die sesde uur af het daar duisternis gekom oor die hele aarde tot die negende uur toe;

Skriflesing: Mattheus 27:32-45Teks: **Mattheus 27:35-36**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 109:1,10****TYDENS EREDIENS: Ps. 22:1; Ps. 69:1,9; Ps. 40:1,4**

Vandag is Goeie Vrydag. Geliefdes in ons Here, die dag wat 'n feeskarakter moet aanneem. Iets wat gevier moet word. Hoe vier ons hierdie dag. Dis is tog 'n vreeslike dag. Die dag waarop die grootste en belangrikste en uitsonderlikste mens wat daar nog op aarde was, gekruisig was. Die dag waarop sy lewe hel geword het. Hoe kan ons Goeie Vrydag vier?! Hoekom noem ons dit goed, hoekom sê ons dit is feestelik. As dit van daardie enkele Vrydag langer as 2000 jaar terug alleen sou afhang, dan was dit allesbehalwe goed. As die Kopbeenplek, plek van die Hoofskedel, as Golgota met Jesus daar gekruisig geïsoleerd beskou word, dan is dit 'n verskriklike Vrydag, dan was ons toekoms die dood, die lewe was vir ewig verdoem.

Ons vier vandag Goeie Vrydag, maar laat ons vandag anders wees as die vier soldate wat ons teksverse ons na heenlei. Dit is vier manne sonder insig en daarom besef ons ook vandag as insig op hierdie dag ontbreek dan is ek deel van baie tragiese figure wat nie regtig weet waaroor

alles eintlik vandag handel nie. Goeie Vrydag mag ook 'n feesdag wees, maar dit hang alles af van hoe ek Goeie Vrydag in die lig van Sondag beskou. As elke Sondag nie vir my reeds al deel van my Paasfeeslewe is nie, moet dan nie dink ek kan vandag reg vier nie.

Ja, u het reg gehoor, Paasfees moet elke Sondag wees, want sonder Paassondag kan en mag daar geen sprake van Goeie Vrydag wees nie. As daar nie 'n Paassondag aan Goeie Vrydag verbind was nie dan was daardie Vrydag die droewigste dag wat daar nog ooit vir ons kon wees nie. 'n Mens sou aan geen droewiger dag kon terugdink nie. Vir sondaars sou daar geen hoop wees nie. Ons geloof sou 'n vertrouwe sonder enige verwagting wees. As dit waar sou wees, waarom hoop jy dan nog, waarom glo jy dan nog, want sonder elke Sondag se Paasfees maar ek wil goeie Vrydag vier, is ek die mees ellendigste en beklagenswaardige mens denkbaar.

Kom ons dit op hierdie Goeie Vrydag vandag hier wil vooropstel dat mense wat hierdie dag sonder insig tegemoetgaan vind hulle eweknieë in daardie vier soldate wat ons in ons teksverse vandag gelees het. Hulle gebrek aan insig spreek na drie kante toe en mag dit wees dat daar na ons vandag op hierdie Vrydag anders na gekyk sal word, ja dat daar gesê kan word, jy het vandag Goeie Vrydag gevier, maar jy het dit gedoen as iemand wat die dag en hierdie Paasfees kon vier as een wat insig het. Ons lees die vier soldate se gebrek aan insig spreek eerstens in die eerste verskriklike feit wat aan hulle verbind word as ons vers 35 lees- *Hulle het Hom gekruisig ...* Of die ouer Vertaling waaruit ons Skriflesing vandag was- *En nadat hulle Hom gekruisig het ...* Dan spreek hulle gebrek aan insig ook in hulle tweede optrede ... *hulle (het) sy klere verdeel deur die lot te werp.* Ja en die tragiese word nog meer tragies as ons ook hulle gebrek aan insig selfs op 'n derde terrein oordink - *En hulle het gaan sit en Hom daar bewaak.* Eerste dan hoe tragies as daar geskryf staan-

En nadat hulle Hom gekruisig het ...

Tragies dit wat eintlik soos 'n koue feit hier geskryf staan. *En nadat hulle Hom gekruisig het.* Eenkant sou mense seker wou redeneer dat hulle het maar net hulle plig uitgevoer. Hulle staan onder bevel. Dit is 'n opdrag wat hulle nie sou kon weier nie. Kan 'n onderhorige verantwoordelik gehou word as hy maar net 'n opdrag van hoër gesag uitgevoer het?! Dit is 'n moeilike vraag waar die weiering van so 'n bevel seker nog moeiliker sal wees. Die feit is hulle het 'n verskriklike ding gedoen wat hulle in 'n stadium in hulle lewe gekom het dat wat hulle aan

ander mense doen hulle nie meer raak nie. Dan praat ons nog nie eers oor wat hulle daardie Vrydag gedoen het nie. Die verskriklikste ooit! Daar is geen begrip en geen insig meer in wat hulle nou al so baie keer gedoen het nie, dit nl. om iemand te kruisig. Weet u en dit wil voorkom dit hierdie vier soldate se ingesteldheid ook toe al was, dat mense sulke ontsettende dinge kan doen sonder om te besef waarmee hulle eintlik besig is. Dit is asof hulle totaal verblind deur hulle handeling regtig nie meer omgee in dit waarmee hulle besig is nie.

Die gebrek aan insig word in hierdie opsig iets verskriklik! Hulle het maar net nog weer 'n roetineplig uitgevoer. Ja, hierdie was nie hulle enigste kruisiging op daardie Vrydag nie. Daar was saam met Jesus ook twee ander manne gekruisig. As iemand met insig handel dan sou daar ook tussen die kruiseling geoordeel moes kon word. In baie opsigte het die ander twee in hulle lewe gewys hulle is misdadigers. Hulle is skuldig en het volgens daardie tyd se reg die doodstraf verdien. Tog kan geeneen van die vier soldate enige aanduiding gee dat hulle met insig kon handel nie. Hulle kruisig Hom wat op geen wyse skuldig was nie. Hy wat die minste van alle mense op aarde hierdie kruis verdien, juis Hy word gekruisig. Hy wat geen misdadiger was nie, Hy word 'n misdadiger gemaak en so behandel. Erger nog, Hy word sonde vir ons gemaak, Hy wat in alles geen sonde gehad het nie. Hulle kruisig Iemand wat geen straf verdien het nie. Dit maak daardie Vrydag so donker en so swaar in wat Jesus daardie dag ook aan die hand van hierdie vier soldate moes deurgaen. Hulle gebrek aan insig spreek duidelik in hoe hulle bereid is om onskuldige bloed te vergiet, meer nog, hulle is besig om die Seun van God, die Regverdigte te kruisig.

Ons tipeer hulle gebrek aan insig op hierdie Vrydag baie maklik, maar weet u geliefdes laat ons dadelik onself nie verontskuldig nie. Hierdie vier Romeinse soldate is eintlik niks anders as die verteenwoordigers van die verdwaasde mensdom nie. Dit kon net so goed enige een van ons gewees het wat die spykers deur sy hande gedryf het en die kruis in die aarde geplant het. Elke een van ons se sonde maak ons aandadig aan die kruisiging van die Here.

As ons oor ons eie sonde met insig handel, ja insig is hierin ook so nodig, weet dan elke sondedaad is ook 'n spyker in jou hand, ja as dit moontlik was om Hom weer te kruisig. Elke sondewoord dra by tot die bitterste van lyding wat daar by Jesus was. Ons kan onself nie

sommerso maklik van daardie 4 soldate en van dit alles wat op daardie Vrydag gebeur het, verskoon nie. Die vraag is in hoe baie opsigte het ek Jesus die slae, die smart en die hoon gekos in wat my woorde, my gedagtes, my dade nou nog is. In onself staan ons net so skuldig aan die kruis, die lyding en die dood wat op daardie Vrydag met Jesus gebeur het. Genadiglik kan ons hier ook dadelik weer Sondag aan vandag verbind. Jesus wat lewe en Hy wat opgestaan het, wil nie dat ons sondes teen ons gehou moet word nie. Sy wil is dat ons sondes bedek moet word. Dit is steeds sy bloed wat ons van al ons sondes kan reinig. Mag die Here ons in ons sondebef, sonde-erkenning en sondebelydenis ook naby wees ook wanneer ek besef die insig wat nodig is daarin wat daardie 4 soldate gedoen het, toe hulle Hom gekruisig het. Tog is daar ook 'n tweede aspek waarin die soldate se onkunde nie vandag op hierdie Goeie Vrydag ons onkunde mag wees nie. Dit gaan ook daaroor-

Hulle het sy klere verdeel deur die lot te werp:

Dit was die gebruik, soldate wat mense gekruisig het, het die volle reg op die klere van die gekruisigde gehad. As hulle oor Jesus se klere die lot werp, ja dit was doodgewone praktyk. Verskriklik dat die gekruisigde nie alleen deur die verskriklikste pyn en lyding moes gaan nie, maar van klere gestroop moes word. Die soldate doen ook weer in gewoontereg net dit wat hulle glo hulle reg is. Daar is 4 van hulle en dit terwyl hulle Jesus van 5 kledingstukke kon stroop, die tulband, die lyfband, die sandale, die onderkleed en die bokleed. Die bokleed in een naat geweef wat hulle ook nie weer in 4 dele sou kon skeur nie, dan is dit daarmee heen. Die eerste 4 kledingstukke het hulle eenvoudig onder mekaar verdeel en toe loot hulle oor die bokleed. Na die lot gewerp was, kom die verskriklikste van gebrek aan insig na vore, die verskriklikste onkunde wat die mens kan tref word hulle deel.

Om tevrede te wees met wat hulle van Jesus kon stroop, om maar net met sy klere tevrede te wees, is tragies, is so 'n gebrek aan insig as kan kom?! Tragies staan die 4 manne daar, ook in hierdie opsig is hulle gebrek aan kennis en insig so skreiend, maar ook die mens van vandag wat maar met die materiële en fisiese dinge sy lewe wil volstop en nie besef wat is die dinge wat werklik jou lewe verryk nie. Geld en besittings, hoe min of hoe baie ek ook al mag hê, is nie waaroor die lewe werklik gaan nie. Die 4 manne is tevrede met die stoflike voordeel wat hulle van die Christus kon stroop, hulle neem sy 4 of dan nou sy 5 stukke klere en daarmee is hulle

tevrede. Hoe tragies as my insig net so vêr strek tot sy 5 stukke klere en ek nie werklik besef wat is dit wat Jesus ons eintlik bied nie.

Hierdie Christus wat in sy lewe op aarde al gewys het hoe oop sy hand is. Daar is soveel voorbeelde van wat Hy aan mense gegee het. Hy het skares gevoed, Hy het blindes kon laat sien, kreupeles kon weer loop, dowes kon hoor, ja die nog groter wonder van daar is duidelik drie gevalle vir ons geskrywe wat mense wat dood was weer liggaamlik begin lewe het. Tog staan hierdie genesings en wonders nie geïsoleerd nie, dit gaan in alles nie net oor die wonder of die genesing wat teken van Jesus se almag en ontferming is nie, maar verby dit alles en dit waaroor dit werklik gaan, is dat Hy vir ons die lewe kan gee wat ewig is. Hy het sy lewe vir die sondaarmens gegee, ja Hy het die prys ten volle betaal.

Dit terwyl die manne met so 'n gebrek aan insig ons laat besef al wat vir hulle getel het, is die stoflike voordeel. Vir hoe baie mense is dit al waaroor die lewe gaan. Hoe baie kan ek bymekaarmaak, hoe kan ek al hoe gemakliker lewe, hoe kan ek inflasie klop ... ja dit alles dinge wat ons in die tyd van die Korona pandemie besef hoe kan alles in minder as 'n maand verander. Die wêreld se stoflike gejaag, die ekonomie, om net ryker en ryker te word, is ontbloot. Wie sy toekoms en lewe wil bou op wat hierdie wêreld ons bied, se lewe kan in 'n kort tyd deur 'n virus platgevee word. Die 4 manne se gebrek aan insig om net met Jesus se 5 kledingstukke tevrede te wees mag dit nie ook ons gebrek aan insig op hierdie Goeie Vrydag ontbloot nie. Mag ons lewe werklik wil getuig van gesondheid en voorspoed is beslis nie al waaroor hierdie lewe gaan nie. Mense wat blind is wat wel tog die Verlosser kon sien het beter oë as die een wie se liggaamlike oë niks makeer nie. Die vrou wat net die een ou geldstukkie kon afdra is baie ryker in wat werklik saakmaak as die een wat miljoene in sy bankbalans mag dra maar sy/haar lewe is dalk geestelik so brandarm. Daardie gebrek aan insig wat die vier soldate ook in die opsig op die bepaalde Vrydag ontbloot, bring ook n nog verdere gebrek aan insig na vore, waar ons ook lees –

En hulle het gaan sit en Hom daar bewaak:

Dit wat hulle doen, is weereens wat van 'n soldaat by 'n kruisiging verwag was. Die tereggestelde moes opgepas word. Ja, dit het gebeur dat 'n gekruisigde tot drie dae aan die kruis bly lewe het. Van die mees ekstreme gevalle was daar mense wat tot sewe dae aan 'n kruis bly lewe het. In so 'n geval het die soldate heelyd moes waghou, moes voorkom en keer dat iemand naby die gekruisigde hom/haar dalk van die kruis sou wou kom afhaal en help nie.

In wat hierdie Vrydag se bewaking aanbetref staan die soldate by Hom wat gekruisig was wat in opdrag van sy hemelse Vader hierdie prys betaal het, weer so sonder insig. Jesus doen dit omdat Hy sondaars liefhet. Hy sal nie van die kruis kom nie al sou Hy ook kon. Geen bewaking was nodig nie. Die soldate staan wag by Hom wat geen bewaking nodig gehad het nie. Hulle gebrek aan insig in die verband strek egter nog 'n ent vêrder.

Hulle wou keer dat Jesus nie van die kruis af gehelp mag word nie, terwyl hulle nie besef dat hulle vier eintlik gehelp moet word nie. Hulle wil nie gehelp word met dit wat werklik belangrik is nie. Hulle het Jesus sy eerste kruiswoord sekerlik self hoor bid – *Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.* Hulle is op geen wyse daarin geïnteresseerd nie. Ander dinge is vir hulle nou baie belangriker. Geliefdes, ons besef op hierdie Goeie Vrydag, ook hierin is ons uit onself niks beter as hierdie vier soldate nie. Hoe dikwels is ons so besorg oor dit wat juis die verkeerde dinge is. Hoe kan ons ons nie onnodig oor allerlei dinge kwel nie.

Pleks ons besef dat alles wat moet gebeur sal gebeur. Ek kan nie eers een el by my lengte voeg nie, soos wat Jesus self die vraag in Matt. 6:27 gevra het *27 Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?* In wat ons verantwoordelikheid voor die Here is, moet ons beslis ons plig nakom. Tog moet ons altyd die uitkoms van 'n saak op die einde in die hande van die Here wil laat. Ook in wat nou hierdie verskrikking is wat oor hierdie wêreld gekom het. Daar is verskriklike vrese en onsekerheid oor wat werklik vir ons voorlê. Mag daar by ons nie die gebrek aan insig wees deur te dink ons kan die uitkoms van die saak bepaal nie. Teen die tyd moet die mensdom besef die uitkoms moet ons in die hande van die Here laat. Ons moet beslis poog 'n entstof te ontwikkel, ja ons mag nie ophou om te soek te werk en te vra vir 'n teenmiddel teen die verskriklike virus nie, maar op die einde moet ons met goeie geloof die uitkoms in die hande van God laat. Die belangrikste wat ons nie 'n gebrek aan kennis en insig mag hê nie, is die sekere wete dat ons oor ons uiteindelijke bestemming nooit hoef te twyfel nie.

God se Seun was nie verniet aan die kruis nie. Watter troos om midde-in die Covid 19 pandemie dit te mag herhaal. God se Seun was nie verniet aan die kruis nie. In wat Hy vir ons gedoen het, is die prys ten volle betaal. Hy alleen kon betaal. Ons kan wel siek word, ja ons kan selfs

liggaamlik sterf, maar dan sterf ek as 'n verlose. Al moet ons in alle opsigte verantwoordelik lewe, hoef ons nie ons onnodig te bekommer nie. As vandag se Goeie Vrydag jou en my ook weer bring by die voet van die kruis mag ons beter insig openbaar as daardie vier Romeinse soldate. Mag ons besef waarom Hy gely het, gesterf het en begrawe is, ja dat Hy die angste van die hel tot die dood toe ondergaan het, ja Hy het dit ter wille van ons gedoen wat aan Hom behoort. Hy het Homself vir ons gegee, dat selfs sy kinders wat tydens hierdie verskrikking in die wêreld ook sal sterwe, tog kan niemand hulle uit sy hand ruk nie.

AMEN